MAART/APRIL 2020

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

*Geroep om te Dien*

## DIE HEERLIKHEID VAN GOD

Dit was die 25ste Julie 2004 toe die deurklokkie gelui het in die vroeë oggendure. Neil en Peggy Verwey se drie kleinkinders, Jesse, Alex en Chris, het by die deur gestaan. "Ons is op pad na 'n jeugkamp," het hulle gesê. "Sal u asseblief vir ons bid?" "Hoe goed was dit nie om saam met hulle te bid dat die heerlikheid van God sal skyn deur hulle lewens," het Neil gedeel.a

Die meeste oggende het Dawid en Sue se drie kinders met hulle fietse teen die steil bergpad ***afgevlieg*** op pad skool toe om te kyk wie van hulle gaan wen. Toe Alex 12 was, het hy tydens die resies in ***dolle vaart*** om die draai gejaag toe hy beheer verloor en kop eerste onder 'n aankomende kar gegly het! Die kar het gestop net toe hy onder dit ingegly het. Sy helm was so styf vasgeklem onder die kar dat hy dit eers moes los maak om onder die kar te kon uitkruip! Wonderbaarlik het Alex slegs skrape en kneusplekke opgedoen! ***'Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ook al gaan"*** (Psalm 91:11).



*Alex & Eri Verwey*

Die bestuurder se vrou, mev. Tanaka en haar dogter, het met 'n groot geskenk in haar hand gekom om hulle opregte verskonings te kom aanbied. Dit sou ongehoord wees in die Weste, in ag genome dat die insident geheel en al Alex se skuld was! Na die uitruil van geskenke en verskonings, het hulle gretig geluister terwyl ons hulle van die hoop vertel wat ons in ons Skepper God het en hulle kerk toe genooi.

Die Here het Alex en sy broers geleer dat die lewe nie net gaan oor om mekaar ten alle koste uit te stof by die skool nie, maar eerder om 'n getuie vir ander te wees en God te verheerlik.

Op 16-jarige ouderdom, terwyl Alex en sy broers gras gesny het, het 'n by hom gesteek. Hy het erg begin sweet en so duiselig gevoel dat hy moes gaan lê het.

Ons het met hom na 'n nabygeleë hospitaal gejaag en toe ons by die deur ingaan, het hy flou geword! Sy gestel het ingegee toe hy in skok gegaan het as gevolg van 'n erge allergiese reaksie.

Hy het vir 'n uur gesweef tussen flou word en dan weer sy bewussyn herwin. Terwyl hulle sy vordering gemonitor het, het hulle verskillende binneaarse middels toegedien. Die dokter het later vir ons gesê dat hy dood kon gewees het as hy 'n rukkie later na die hospitaal gebring is!

"Hierdie is nie jou tyd nie," het Alex besef wat die Here vir hom sê. "Ek het steeds werk vir jou om te doen op hierdie aarde."

Die Here laat dinge op sy 'n manier gebeur dat Alex meer as ooit tevore bewus kon word dat die primêre doel van sy lewe is om God te verheerlik.

Toe Alex 18 was, het Tom Poole, sy hoërskoolhoof, onverwags gesterf. Hy het hulpeloos bygestaan toe daar noodbehandeling op hom toegepas is. Dit was traumaties en 'n skok vir baie.

By die begrafnis was Neil se tema van sy boodskap dat God soms sulke onverstaanbare dinge toelaat sodat Hy verheerlik kan word.

Die Here het Alex duidelik gewys dat die enigste manier om sin te maak van hierdie tragiese insident, was om te glo dat "God se weë hoër is" en dat die grafdood plaasvind tot verheerliking van God.

Eendag, kort nadat Alex klaargemaak het met hoërskool, het hy gehelp met die werk by Japansending deur die lugverkoeler uitmekaar te maak om dit skoon te maak. Dit was baie warm en dit was baie vuil werk.

Toe Neil verbyloop, het hy op die ingewing van die oomblik vir Alex gevra: "Alex, wat is die doel van jou lewe?" Sonder om te huiwer, het Alex geantwoord: "Om God te verheerlik."

Die Here het verskeie gebeurtenisse in Alex se lewe bly gebruik om hierdie waarheid in sy gemoed te versterk. Terwyl hy op universiteit gestudeer het, het hy die volgende gedeel: "Drie maande gelede het ek 'n bejaarde egpaar in .'n restaurant opgemerk. Hulle het uitgestaan, want toe hulle gaan om hulle drankies te hervul, het hulle so kortasem geraak dat dit gelyk het of hulle flou gaan word. Terwyl ek dit gesien het, het ek gedink hulle is baie na aan hulle dood en hulle het nodig om te hoor van God se liefde.

Tot my skaamte het ek begin dink aan verskonings hoekom ek hulle nie moet nader nie. Ek het gedink aan die baie huiswerk wat ek het om te doen. Dan ook, wat sal hulle sê as 'n jong seun begin om vir hulle te preek oor Christelikheid?

Dus het ek God se stem geïgnoreer, maar nadat hulle by die deur uitgeloop het, het ek baie skuldig gevoel! Ek het gevoel dat God my verantwoordelik gaan hou vir hierdie egpaar se ewige verdoemenis!

Van daardie dag af, vir drie maande lank, het ek elke dag gebid dat God genade sal hê oor hulle en my, en Hy het definitief my gebede beantwoord!

Vandag, drie maande later, het ek dieselfde egpaar op die treinstasie naby die universiteit ontmoet! Ek het dadelik met hulle begin praat en aan hulle 'n Fontein van Vreugde-traktaatjie gegee.

Toe ek vir hulle vertel dat ek reeds vir drie maande vir hulle gebid het, het hulle van oor tot oor geglimlag en gesê: 'Ureshi!' ('Ons is so bly!')

Ek is so bly my God is die God van tweede kanse! Halleluja!" het Alex gedeel.

Ons lewe in 'n tyd waarin mense ontsettend onafhanklik en selfsugtig is. As ons nie versigtig is nie, kan ons maklik verlei word deur die versoeking om 'n lewe te lei op so 'n manier dat dit net eer aan onsself bring.

***Daarom, of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God*** (1 Kor. 10:31).

## DIE VOLGENDE GENERASIE

Nadat Alex en Eri in Julie 2008 getroud is, het hulle na die VSA gegaan vir verdere studie. Met hulle terugkeer, het Eri deeltyds begin werk by Japansending, terwyl Alex gewerk het vir 'n skeepsmaatskappy in Osaka.

Toe hulle eerste kind in Julie 2012 gebore is, was Neil oorstelp van vreugde, omdat hy vir die eerste keer oupagrootjie geword het. Alex en Eri was vir hom van groot hulp en ondersteuning terwyl hy gely het aan kanker. Hy is oorlede gedurende Augustus 2013.

Neil het dikwels gebid vir die derde en vierde generasie: "Here, verseker asseblief dat daar altyd 'n

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**Posbus 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

## DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING* teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 21/11, 30/11, 2/12, 3/12, 17/12, 18/12, 20/12, 21/12, 24/12, 31/12, 2/1/2020, 3/1, 13/1 Suid Oos Asië, 14/1, 16/1, 20/1, 21/1, 28/1, 30/1, 31/1.**

**ABSA BANK:- 25/11, 28/11 Bybels, 29/11, 1/12, 2/12 NLM, 3/12 Willow, 5/12, 12/12 Kleinmond, 17/12, 18/12, 21/12, 26/12, 28/12 Bybels, 30/12, 31/12, 1/1/2020, 2/1 NLM, 3/1, 7/1, 13/1 Bybels vir Sjina, 15/1, 16/1, 18/1, 20/1, 24/1, 26/1, 28/1 Bybels, 31/1.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

*(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08*

generasie Verweys sal wees wat sendingwerk in Japan doen!" Dieselfde maand wat Neil oorlede is, het die Here sy gebed verhoor deur Alex en Eri te lei om by Japansending aan te sluit as voltydse werkers.

Alex het 'n opregte begeerte om in sy grootvader se voetspore te volg. Dawid en Sue werk nou saam met Alex en sy vrou, Eri, wat deel is van die jonger generasie sendingwerkers met nuwe idees en vol entoesiasme.

Hulle hartsbegeerte is om die werk voort te sit wat begin is deur Neil en Peggy – om siele te red!



*Die 4 geslagte - Dawid, Neil, Alex & Will Verwey*

## AANVAAR DIE UITDAGING

Die motto van Japansending is 'Geroep tot diens'. Ons is geroepe om die Japannese op verskeie maniere te dien, sodat sommige gered kan word.

Alex Verwey is verbind daartoe om die evangelie te deel en te doen wat hy ook al kan om mense te help om een tree nader daaraan te kom om hulle vertroue in die Here te stel. Hy het 'n belangrike rol gespeel in die ontstaan van die CAYA Café en die Kinderklub-bediening, wat baie bereik het wat nog nooit 'n kerk bygewoon het nie.

Alex het ook 'n las gehad om te help met die sukkelende kerke van Japan om geestelik groeiende sentra van hoop te word. Hy het sulke kerke gehelp om werkers en bronne te kry, wat sou help om hulle te bemagtig, sodat hulle kan groei as die liggaam van Christus en om die ongereddes te bereik.

Terwyl die Here toegewyde Engelse onderwysers voorsien het, het Alex die Engelse Evangeliese Program gekoördineer om te help om hulle gemeenskappe met die evangelie te bereik. Omtrent 300 studente woon gereeld hierdie kerke by en hoor elke week die Bybelgesprek.

Terwyl ons die nood van die Japannese kerk waarneem, het ons gevind dat hulle 'n groot behoefte het aan ondersteuning met sosiale media en die ontwikkeling van media-inhoud, wat hulle sal help om meer effektief te wees in hulle uitreik na hulle gemeenskappe. Alex het die pogings van 'n talentvolle span gekoördineer om sulke inhoud te ontwikkel en nuwe webtuistes te skep.

Daar is baie min kerke in die plattelandse gebiede van Japan. Wanneer Christenwerkers hulle visie deel om kerke in dergelike areas te vestig, het Alex spanne werkers en vrywilligers gemobiliseer om te help met hierdie kerkplanting.

Hierdie hulpprogram het ingesluit die hou van evangeliese geleenthede, die verspreiding van traktaatjies, die ontwikkeling van advertensies, die skep van media-inhoud en die inwerkingsstelling van webtuistes.

Wanneer daar natuurrampe plaasvind, het Alex baie spanne gelei na die gebiede wat getref is om te help met die ramphulppogings. Traktaatjies is versprei en media-inhoud is ontwikkel vir die bewusmaking en mobilisering van Christenwerkers. Dit het gehelp dat baie ongelowiges vir die eerste keer aanklank gevind het by die plaaslike kerk.

Terwyl ons met hierdie werk voortgaan, is ons bemoedig deur die wete dat baie Christene geroepe gevoel het om ons te help. Hulle getroue gebede en ondersteuning het ons voortdurend gehelp om 'n verskil te maak in die lewens van baie.

Bid asseblief dat die Here sal voortgaan om ons te lei en wysheid en insig te gee, terwyl ons van baie geleenthede voorsien word om te dien "sodat baie gered kan word" (1 Kor. 9:22).

Na 'n twee maande besoek aan die Kaapse streek het Dawid en Sue veilig in Japan aangekom gedurende die middel van Maart. Die Here het hulle ryklik geseën, terwyl hulle 8 000 km gereis het en 60 byeenkomste gehou en persoonlike besoeke afgelê het. Hulle is baie bemoedig deur baie wat hulle verseker het van hulle gebede en ruim bygedra het tot hulle werk. Dankie vir julle getroue gebede!

As dit die Here se wil is, beplan Dawid en Sue om na Suid-Afrika terug te keer gedurende Oktober en November 2020 om dele van die Vrystaat, Gauteng, Limpopo, Natal en Noord-Kaap te besoek. Kontak asseblief ons kantoor as u wil hê ons moet 'n byeenkoms hou of 'n persoonlike besoek aflê.